



GROOTRAAD VERGADER

'n Buitengewone vergadering van die Grootraad van die Ossewabrandwag word op 28 Januarie gehou. Die vergadering is deur die Kommandant-generaal, dr. Hans Van Rensburg, belê en sal besluite neem oor die diskriminasie van die H.N.P. teen O.B.-lede. Die besluite van die Grootraad sal op spesiale offisiërs-vergaderings in elke gebied bekend gemaak word.

Laertrek Op Wellington

Offisiërs-laertreke waarop die Kommandant-generaal, dr. Hans van Rensburg, aanwesig sal wees, sal in die loop van die volgende weke op bepaalde plekke in die land gehou word. Op hierdie byeenkomste sal daar onder meer oorleë gepleeg word ten opsigte van die huidige politieke krisis.

Die offisiërslaertrek in Wes-Kaapland (Gebied A.) word in die stadsaal te Wellington gehou op Saterdag 19 Februarie. Die

verrigtinge begin om 9.30 vm. Die Gebiedsraadvergadering sal ook by hierdie geleentheid gehou word.

Die bevel lui onder meer: Alle offisiërs (jeug ingesluit) tot en met die rang van veldkornet(te) word aangesê om teenwoordig te wees. Onder-offisiërs en brandwagte wat ook die vergadering wil bywoon moet by die Gebiedshoofkwartier deur middel van hul bevelvoerende offisiër aansoek doen.

Persone wat reeds Vrydag arriveer en losies vir genoemde dag en Saterdag wil hê, moet sonder verwyl dadelik kennis gee aan die Hoofkwartier. Alle persone moet reeds 9 vm. aameld sodat daar nog tyd is om die register te teken voordat die verrigtinge begin.

KONFERENSIE VAN JEUG

'n Nasionale Jeugkonferensie sal vanaf 10 tot 15 Februarie op die terrein van die Universiteit van Pretoria gehou word. Die konferensie word georganiseer deur die Afdeling Opvoeding vir Volwassenes van die Departement van Onderwys.

By hierdie geleentheid sal daar meer as honderd jeugbewegings deur afgevaardigdes verteenwoordig word.

Die doel van die konferensie is onder meer om vas te stel tot watter mate jeugorganisasies tot die nasionale program vir die opvoeding van volwassenes kan bydra en om vas te stel hoe hierdie skema die doelstellings van die jeugorganisasies kan aanvul en bevorder.

MOORD EN DOODSLAG IN DURBAN

Ongeveer 100 Indiërs en natu- relle is gedood en sowat 600 be- seer tydens die onluste in Dur- ban tussen natu- relle en Indiërs wat verlede Donderdag begin en drie dae aangehou het. Die moord en doodslag wat deur die natu- relle begin is, is ongekend in die geskiedenis van Suid- Afrika. Slegs een blanke is ge- dood.

Na beweer word het die na- tu- relle met die onluste begin na aanleiding van behandeling wat 'n natu- relle-klonkie van die In- diërs ontvang het. Dit was egter maar net die vonkie wat die op- gehoopte gevoel van die na- tu- relle teen die Indiërs laat vlam vat het. Hulle koester 'n wrok teen die Indiërs as gevolg van die behandeling wat hulle as 'n gemeenskap van die Indiërs ont- vang ten opsigte van swart- markpryse, huur, ens.

Ongekende wreedheid is aan die dag gelê en bloeddors het drie dae lank die oorhand ge- had sodat polisieversterking en troepe- afdelings aangebring moes word om die toestand on- der beheer te kry.

Die Minister van Justisie en Minister van Verdediging het die naweek albei Durban besoek om persoonlike waarnemings te maak. Daar sal waarskynlik 'n kommissie van ondersoek aan- gestel word om op die saak in- te gaan.

ENGELSE MOET STEM: H.N.P.-LEDE MAG NIE

In hul pogings om die H.N.P.-leiding se nuutste twis met die O.B. te regverdig, en om die H.N.P.-leiding se dis- kriminasie teen O.B.-lede goed te praat, maak H.N.P.-propa- gandiste by herhaling gebruik van die volgende argument:

Omdat O.B.-lede aan die partylose staatsstelsel glo moet hulle noodwendig in kwaai- trou handel wanneer hulle by 'n party aansluit; en daarom is die H.N.P.-leiding volkome geregtig om teen hulle te diskrimineer as A.P.-kandidate, want „hoe kan 'n lid van die O.B. verwag dat mense wat . . . lid is van 'n politieke party, soos die H.N.P., moet stem vir kandi- date wat juis daardie party wil vernietig.“

Terwille van Afrikanersame- werking wil Die O.B. die on- houdbaarheid van hierdie argu- ment aan die kaak stel — juis omdat dit gebruik word as die knuppel waarmee Afrikaner- samewerking op die kop geslaan word.

KONINKRYK

Suid-Afrika, wat staatsvorm betref is 'n soewereine ko- ninkryk met Sy Majesteit Ko-

ning George VI op die troon.

Die stelsel waarvolgens die Suid-Afrikaanse koninkryk re- geer word is die Britse party- politieke stelsel van parlemen- têre regering.

Daar is egter nasionaalvoelen- de politieke partye in Suid- Afrika wat glo aan die republi- keinse staatsvorm. Die H.N.P. en die A.P. se programme van beginsels is identies op hierdie punt. Dit lui: „(Die Party) is daarvan oortuig dat die repu- blikeinse staatsvorm afgeskei van die Britse Kroon hom die beste aanpas by die Suid-Afri- kaanse volk.“

VOORBEREIDINGS

Beteken dit nou dat 'n H.N.P.- lid noodwendig in kwaai- trou handel wanneer hy deelneem aan die bestuur van die S.A. Konink- ryk, in sy hoedanigheid as Minis- ter, Senator, Volksraadslid of selfs provinsiale raadslid? Be- teken dit nou dat Sy Majesteit Koning George VI alle H.N.P.- lede uit die bestuursliggame van sy S.A. koninkryk moet ban om- dat hulle (volgens suiwer H.N.P.-logika) „die koninkryk wil vernietig“ en 'n republiek in die plek daarvan wil stel?

Dit gebeur gladnie. Inteendeel. Die H.N.P. se eens op 'n tyd Sy Majesteit se Oposisie en is vandag deel van Sy Majesteit se Regering. En solank die H.N.P. net nie sy republikeinse ideaal afwater, afswaai of in 'n koelkas wegbêre nie, neem nie- mand hom sy hoë status kwalik nie. Niemand verwag dat die H.N.P. soos 'n kluisenaar hande oormekaar in die S.A. Konink- ryk moet sit en wag vir die Republiek nie. Gewone nugter- heid vereis dat die beste ge- maak word van die Koninkryk solank dit ons staatsvorm is, en dat intussen voorberei word op die republiek.

TWEE MATE

Die O.B. gaan net 'n ent ver- der as die nasionale politieke partye. Die Beweging het, eer- stens, swaie offers gebring in die stryd om die S.A. Konink- ryk in 'n Republiek om te skep; en tweedens glo die Beweging hartstogtelik, aan die republi- keinse partylose stelsel in teen- stelling met die Britse party- politieke stelsel.

Nou is dit ironies dat dit juis die „republikeinse“ H.N.P. is, (Wat die bestaande Britse Ko- ninkryk wil vernietig), wat so bitsig gretig is om die O.B. se hande oormekaar te vou omdat die Beweging aan die republi- keinse stelsel glo en daarom die bestaande Britse stelsel wil vernietig.

Die H.N.P.-propagandiste meet met twee mate: die een vir die H.N.P. en die ander vir die O.B. Die republikeinse H.N.P. hoef nie stil te sit in 'n Ko- ninkryk nie, maar die party- lose O.B. moet stilsit in 'n par- typolitieke bedeling!

Wil Klousule Oor Ongelowige Onderwys Herroep Sien

Nuwe pogings om die gewe- tensklousule in die Onderwys- wet herroep te kry, word tans weer aangewend deur die Gereformeerde Kerk wie se sinode aanstaande week te Potchefstroom begin en waar 'n voorstel in die verband in- gedien sal word.

Soos onlangs in Die O.B. be- rig word Afrikaanse kinders aan ons hoër onderwysinrigtings deur hierdie bepaling feitlik ge- dwing om hul opleiding te ont- vang van ongelowiges omdat hierdie veel gewraakte klousule neêr lê dat daar nie navraag na die godsdienstige oortuiging van die dosente gedoen mag word nie. Hierdie toevoeging tot die Onderwyswet het geskied op die uitdruklike eis van twee Britse Jode aan wie die wetsontwerp voorgelê moes word nadat hulle somme geld aan die onderwys in Suid-Afrika bemaak het.

NEUTRAAL

Die klousule maak vir die eer- ste keer in 1913 sy verskyning in die wetboek en lui onder meer dat niemand op enige manier aangaande sy godsdienstige ge-

sindheid getoets mag word as voorwaarde om 'n gegradueerde van 'n universiteit of professor of lektor of dosent van 'n uni- versiteit te word, of te bly, om 'n voorreg te geniet, of amp te beklee nie. Verder word bepaal dat daar ook aan niemand voor- keur gegee of 'n voorkeur ont- hou sal word vanweë sy gods- dienstige oortuiging nie.

WOU NIE

Onmiddellik nadat bekend ge- word het wat die inhoud van die wet is, is daar van kerk en volksmanne beswaar aangeteken teen die klousule wat die onder- wys kleurloos maak sonder suks- ses.

Toe die huidige Eerste Minis- ter, Minister van Onderwys was (1926), is daar ook pogings aangewend om die klousule ge- skrap te kry, dog weer sonder sukses. Wat die houding van die nuwe regering en dié van die huidige Minister van Onder- wys is, is onbekend.

'n Eerbare Man Se Woord Is Sy Eer

Tydens die Algemene Verkiesing wat op 26 Mei 1948 plaasgevind het, het die H.N.P., die Afrikaner- party, en die Ossewabrandwag 'n saamwerk-ooreen- koms vir die kiesafdeling Ermelo aangegaan.

Die ooreenkoms lui:—

„Dat die H.N.P. van die kiesafdeling Ermelo nie gewillig is om te diskrimineer tussen die aan- hangers van die Afrikanerparty en bewegings soos die O.B. en andere, en besluit om in hierdie verkiesingstryd saam te staan en saam te werk om die kiesafdeling Ermelo vir die saak van die nasionale Afrikanerdom te wen.“

Die ooreenkoms is onderteken deur:

„C. D. van Zyl (H.N.P. Voorsitter).
J. W. Vorster (A.P.-voorsitter).
J. W. Vorster (namens O.B.).“

Die ooreenkoms vervolg:—

„Die H.N.P.-kandidaat van die kiesafdeling Ermelo, dr. Albert Hertzog, vereenselwig hom ten volle met bostaande besluit en gee die versekering dat van sy kant af geen dis- kriminasie onder mede-Afrikaners in hierdie kiesafdeling geduld sal word nie. Hy maak 'n beroep op alle nasionale gesinde partye en groepe om saam te staan en saam te veg in hierdie verkiesingstryd om sodoende die setel van Ermelo veilig te lewer in die hande van die nasionale eenheid.

„Geteken te Carolina op 10 Mei 1948 (deur)
A. Hertzog, H.N.P.-kandidaat.“

„Waarom is minder gehoor van samewerking met die O.B. NA die verkiesing en tydens die lid se Transvaalse party-kongres?“

SPOORWEGLEGGERS VERDWYN

Getuienis dat daar 25 leggers van die Suid-Afrikaanse Spoorweë vermis word wat betrekking gehad het op beweerde ondermynende bedrywighede van spoorwegamptenare tydens die oorlog is afgelê voor die Kommissie van Ondersoek na Griewe van Spoorwegamptenare.

Daar is ook deur die Spoorweë aangekondig dat alle bevoorde- rings waaraan salarisse van £780 per jaar en meer verbonde is, tydelik bevries is tot tyd en wyl die bevindings van die kommissie bekend gemaak word.

Die kommissie onder voorsitterskap van magistraat H. J. S. Johannes is reeds 'n tyd lank besig om getuienis af te neem. Onder meer het mnr. W. M. Clark, hoofbestuurder van die Spoorweë, die afgelopen week ook getuienis afgelê. Hy het verklaar dat toe hy oorgeneem het hy gemeen het dit die beste sal wees as die sekuriteitskomitee binne die spoorweë 'n natuurlike dood sterf. Hy was bewus daarvan dat die komitee 'n lys van verdagte persone opgestel het. Op 'n vraag het hy geantwoord dat degradering van sekere amptenare kon plaasge-

vind het. Hy het egter niks met die komitee te doen gehad nie.

Na aanleiding van getuienis wat mnr. W. D. Grant, 'n voormalige hoofklerk afgelê het, het dit geblyk dat 'n volledige stel leggers vermis word. Hierdie leggers was in staalkabinette en op indekskaarte aangeteken. Ook die kaarte het spoorloos verdwyn.

Gaan Vakbonde Suiwer

Die Minister van arbeid, mnr. Schoeman, het in Oos-Londen gesê dat 'n groot aantal vakbonde beheer word deur kommuniste en dat ander onder kommunistiese invloed is. Hierdie toestand moet verander word.

Die Minister het voorts ver- seker dat die regering geen voorneme het om in die huis- houdelike sake van vakbonde in te meng nie. Daar behoort nie politiek in die vakbonde te wees nie, het hy gesê.

Briefskrywers Wat Twis Stook, Vermaan

Vir weke aaneen het die groot dagblaai van die H.N.P. daagliks in hul korrespondensie-kolomme briewe gepubliseer van naamlose en ander briefskrywers wat bereken was om die blaai se lesers op te sweep teen mede-Afrikaners en mede-Afrika- nerleiers.

Wilde en ongemotiveerde aan- tygings is teen die O.B. en sy leier, dr. Hans van Rensburg, gedoen en ongetwyfeld is baie kwaad bloed vergiet. Besadig- de argumente is totaal vertrap in die propaganda-moes van kwaadwillige verdagmakery.

Verantwoordelike mense het hulself afgepra: waarom die heillose aanblasery?

DIE VADERLAND

Oënskynlik het Die Vader- land ook sy kwota van derge- like briewe ontvang, maar die blad het baie beslis nie saam- gespeel nie. Intendeel. In 'n hoofartikel vermaan die blad die entoesiaste wat so gretig is om hul volk met ydele koerant- briefies te verdeel:

„Dit is, soos altyd, die onginge- listes wat die kontantste is met oordeelvellings,” sê die blad. „Hulle jaag in met 'n wa en sestien gehoorde beeste, ywe- rig aangedryf met sweep en agtersambok, daar waar 'n vlin- der sou huiwer om asem te haal. Met daardie soort nasie- diens moet hulle ons asseblief nie vra om mee te help nie. Ons

het geen plek vir persoonlik- hede wat die plek moet inneem van logiese argumente suiwer oor die beginsels van die geskil nie.

„Dan is daar ook diegene wat kom met 'n saak so ooreen- voudig dat dit nie langer te on- derskei is nie van al die ou vose gifpyle wat ons anderkant 26 Mei reeds weggesmyt het. Hulle het 'n soort vasvra-teg- niek wat so netjies om volks- eenheid se kop pas soos die laksman se lus om sy slagoffer se nek. En dit geskied alles tog o so liefies! Dit skyn dat hier- die mense 'n bitter verlies in hulle nasionale harte gely het die dag toe mnr. J. H. Hofmeyr weggeval het. Hulle vernaa- ste skryf het daarmee verdwyn en nou wil hulle mnr. Havenga skynbaar in die plek daarvan stel.

HOFMEYR SE MANTEL

„So vra een korrespondent, gesien dat mnr. Havenga nie bereid is om 'n mandaat by die Provinsies te gaan vra om die Parlement te magtig om die nasionale se L.V.s af te dank nie, of hy dan 'die kaffer' in die Volksraad wil hê? Heeltemal 'n meesterstukkie van die genoem- de oorveenvoudigheid en natu- urlik so giftig soos enige Boesman se pyl!

„Hierdie soort vriend het 'n klok hoor lui maar weet nie goed in watter toring hy hang nie. Anders sou hy homself rekenskap daarvan gegee het dat mnr. Havenga die voetspore druk van genl. Hertzog, wat hom juis ten doel gestel het om 'n wal op te gooi teen natuurle en blankes op een selfde kiesers- lys — dit as deel van sy omvat- tende segregasiebeleid. Dat genl. Hertzog in ruil vir daardie gemeenskaplike stemreg vir die natuur drie blanke verteen- woordigers in die Volksraad ge- gee het, word hom nou aange- reken as 'n swakheid. Die dae toe een Boer mans genoeg vir tien van enige ander nasie was,

is vermoedelik vir hierdie soort held verby. Nou moet ons ons flou skrik wanneer die natuurle drie verteenwoordigers teen 150 ander L.V.s het — een teenoor 50 in ons guns! Omdat mnr. Havenga nie bereid is om toe te gee dat so 'n 'bedreiging' radi- kale, oorhaastige en hoogs be- denklike wetgewende stappe ge- bied nie, daarom kan die man- tel van mnr. Hofmeyr hom om die skouers gehang word!

„Ons vra ons vriende om as- seblief hulle woorde te tel. Dit is lasterlik genoeg om te gaan praat asof die Voorsienigheid wat 26 Mei gegee het daarmee aflaat verstrek het vir alle toe- komstige dwalings. Nee, dit is heeltemal seker dat die Voor- sienigheid ons weer verande- rings van regering sal toebe- deel. Die eerste verandering kan alleen verhaas word wan- neer ons eenheid verbeur deur mede-Afrikaners te beswadder. Alleen met billikheid en reg- skapenheid kan ons hoop om die bewind te gedy.”

VOORLOPIG?

Op 13 Januarie het die hoof- orgaan van die H.N.P., nl. Die Burger, aangekondig „dat die tyd nou aangebreek het om VOORLOPIG af te sien van verdere bespreking van die ge- skille in Afrikaergeleedere. Die geskille word trouens deur me- nige briefskrywer te TRAGIES opgevat.” (Ons onderstreep).

● Die Burger gaan dus VOORLOPIG ophou met die publikasie van twisbriewe om- dat die twis wat aangeblaas word te TRAGIES opgevat word deur MENIGE brief- skrywer.

● Dit is 'n insiggewende aan- kondiging.

● Sou die H.N.P.-leiding se beleid om die party se twis met die O.B. in die korrespondensie- kolomme van die party se blaai aan te blaas soos 'n boomerang op die party self teruggeslaan het?

SITTING MET 'N POUSE

Die tweede sitting van die tiende parlement van die Unie sal op Vrydag, 21 Januarie 'n aanvang neem.

Daar word heelwat belangstelling geopenbaar vir die sitting wat waarskynlik tot in die tweede helfte van die jaar sal duur.

Op Vrydag, 25 Februarie, sal die werksaamhede van die sit- ting opgeskort word vir 12 dae tot 8 Maart ten einde aan volks- raadslede geleentheid te gee om deel te neem aan die H.N.P. en die V.P. se provinsiale verkie- singsveldtog.

Die kabinet het op 12 Janu- arie byeengekom vir die eerste van 'n reeks vergaderings waar- op die regering se wetgewende planne nader bespreek kan word. Die uitslag van die kabinet se beraadslagings is nog nie bekend gemaak nie.

NA VERKIESING

In die blaai van die H.N.P. is egter reeds 'n tentatiewe wet- gewende program aangekondig, wat o.a. insluit verteenwoordi- ging van Suidwes-Afrika in die Unie-Parlement; instelling van 'n bevolkingsregister; uitbrei- ding van die kabinet; ens. Ver- wag word dat indien daar 'n addisionele minister aangestel word dit die nuwe senator, dr. Karl Bremer, sal wees.

Voorts berig die H.N.P.- blaai dat oorweeg word om wetgewing, met 'n gewone meer- derheid deur te voer, wat die posisie van kleurlingkiesers en die natuurle verteenwoordigers in die parlement sal raak. Dit word algemeen aangeneem dat die eerste minister, wat deur sy party se koerante hoog geroem word as 'n slim taktikus, nie laasgenoemde wetgewing sal opper voordat die provinsiale verkie- sings nie eers agter die rug is nie. Mnr. Havenga, die leier van die Afrikanerparty, is nie ten gunste daarvan om sodanige wetgewing met 'n gewone partymeerderheid deur te voer nie, en die vermoede is dat dr. Malan eers die provin- siale verkie- sings wil klaarveg voordat hy die standpunt van mnr. Havenga op hierdie punt sal ignoreer.

Derhalwe verwag ingeligte persone dat dr. Malan die Opposisie-leier se gebruikelike mosie van wantroue sal aan- gryp om hierdie wetgewing, wat hy en sommige van sy ministers alreeds voorbarig aan hul par- tyvolgelingen belooft het, op die lange baan te skuif.



Terwyl die tafelbediende besig is om sy gedekte tafels na te sien, hoor hy hoe die Sjef en die Hooftafelbediende die getal passasiers, wat vir ete gaan aansit, bereken.

Dan, asof op die maat van die wile, hoor hy hoe die getal vermenigvuldig . . . 200, 400, 4,000, 400,000, 4,000,000!

Dit is die taak waarvoor die verver- singspersoneel van die Suid-Afrikaanse Spoorweë iedere jaar te staan kom . . . vier-

miljoen maaltye wat op treine en in eet- salonne die hele land deur bedien word.

Dit is 'n reusetaak, want al die voor- afgaande berekenings, bestellings, verkryging en aflewering van voedingsmiddels, moet met die ingewikkelde bewegings van honderde treine ingeskakel word.

Dit geskied alles ongemerk agter die skerms, lank voordat u daardie welbe- kende ghong hoor wat aankondig dat u tafel gedek en u ete gereed is.



SUID-AFRIKAANSE SPOORWEË

GROND TE HARD VIR DIE EMPIRE!

In die Britse planne om Afrika te ontgin, is Tanganjika tans die sleutelprovinisie. Geen steen word onaangeroer gelaat om die Britse planne wat bedoel is om Brittanje weer op die been te help, 'n sukses te maak nie, en volgens berigte uit Londen, sal daar sowat £25,000,000 aan die ontginning van hierdie gebied bestee word. Die aanplant van grondboontjies wat honderde vierkante myle beslaan, vorm 'n groot onderdeel van die plan.

Die grondboontjieskema het tans met 'n moeilikheid te kampe waarmee tevore nie rekening gehou is nie en wat die verantwoordelike persone hoofbrekens besorg. Die geaardheid van die grond is so hard dat dit slegs met die grootste moeite geploeg kan word.

PLOEG

Genl. Desmond Harrison, die hoof van die ontwikkelingsplan in Tanganjika, is tans in Brittanje om samesprekings te voer met deskundiges oor metodes om die grond om te ploeg. Genl. Harrison het verklaar dat staalmasjinerie feitlik nutteloos is om hierdie klipharde grond om te ploeg. In die begin is gewone staal gebruik. Die resul-

taat: skare wat omlê en onomgeploegde akkers. Daarna is spesiale harde skare gebruik wat ook geen hond haaraf kon maak nie.

Uit radeloosheid is skerpge- maakte staalplate van tenks as skare gebruik. Maar ook hierdie skare het nie aan hul doel beantwoord nie. Daarna is selfs baie harde glas as skaar- punte gebruik, ook sonder bevredigende uitwerking.

Daar is tans 20,000 natuurlike en 700 blankes aan die werk in die gebied om die land beskaaf te maak. Paaie word aangelê en spoorweë word gebou. Laasgenoemde is reeds 120 myl lank en is bedoel om die binneland met die nuwe hawe te verbind. Wanneer die spoorweg voltooi is sal dit £3,000,000 kos.

STUDIE IN TRONK MET SUkses BEKROON



Julian Dawid Visser

Mnr. Julian Visser wat gedurende die oorlog tot die dood veroordeel en onlangs uit die gevangenis losgelaat is, het so pas verneem dat hy die B.Sc.-graad (Wiskunde en Aardrykskunde) aan die P.U.K. vir C.H.O. behaal het.

Mnr. Visser het die grootste gedeelte van sy graadkursus in die tronk baasgeraak en was slegs die afgelope ses maande student aan die P.U.K. Die studie in die tronk het onder uitsers moeilike omstandighede plaasgevind, maar dit toon nogmaals watter tipe Afrikaner gedurende die oorlog in die tronke van die Empire gelê het ter wille van die Republikeinse Vryheidsideaal.

Aan mnr. Visser ons hartlike gelukwense met sy sukses.

Grondboontjieskema Misluk

Die Britse grondboontjieskema in Oos-Afrika is besig om 'n mislukking en groot verlies uit te loop. Daar word bereken dat die koste drie maal meer sal wees as die oorspronklike berekening van £24,000,000, volgens uit Londen aangekondig is.

Die produksiekoste het reeds binne een jaar van £3 4s. per ton tot £19 4s. per ton gestyg in vergelyking met die oorspronklike berekening dat die maksimumproduksiekoste nie meer as £17 18s. moet beloop nie. Daarby kom nog die feit dat hoewel die skema al op groot skaal geloods is, Brittanje nie voor 1950 van hierdie grondboontjies sal kan verwerk nie.

Daar word tans 'n volledige verslag opgestel wat aan die Britse voedselminister voorgelê sal word en wat in die Britse parlement ter sprake sal kom.

Die Britse parlement het in 1947 beplan dat daar jaarliks 450,000 ton grondboontjies geproduseer moet word. Dit sou genoeg wees om weekliks drie onse vet aan 50,000,000 mense te gee. Hiervoor moes daar gedurende 1949 1,230,000 akkers omgeploeg word. In werklikheid is nog nie meer as 23,000 akkers voorberei nie.

Die van stapel stuur van die skema het Brittanje 'n aansienlike bedrag aan dollars gekos omdat die trekkers en ploë vir hierdie doel in Amerika aangekoop is. Brittanje het ook nou 'n beroep op Amerika gedoen om tegnisi af te staan wat behulpzaam kan wees in Afrika

Sal Eers Sy Vrou Moet Laat Staen

Die Bamangwato-stam in Betsjoenaland het Seretse Khama, die troonopvolger wat onlangs met 'n wit vrou in Engeland getroud is nou voor 'n finale keuse gestel: hy sal nie troonopvolger kan word voordat hy nie afsien van sy wit vrou nie.

'n Lang memorandum is onlangs in hierdie verband opgestel en aan die Britse regering voorgelê. Die besluit is geneem op 'n stamvergadering waar Seretse sy stamgenote ontmoet en sake verduidelik het. Die natuurlike hul hegtheid aan Seretse betuig maar sien nie kans om sy wit vrou te aanvaar nie omdat dit tweedrag en verbrokkeling van die stam sal veroorsaak.

Seretse is onlangs terug na Londen waar hy by sy wit vrou aangesluit het.

In Londen is verklaar dat die houding wat die Britse regering in hierdie verband sal inneem nog nie seker is nie. Waarskynlik sal dit beskou word as 'n bloot huishoudelike saak van die stam self wat nie inmenging van buite nodig het nie.

omdat Brittanje nie genoeg opgeleide manne vir hierdie werk het nie.

Die Week In Oënskou

Die produksie van die wêreld se vernaamste voedselsoorte was verlede jaar sowat ses persent hoër as gedurende 1947. Die Europese voedselproduksie sal waarskynlik 1948-1949 van 15 tot 20 persent hoër wees as in 1947.

* * *

V.P. en H.N.P.-koerante be- weer dat daar gedurende die paar dae voordat die kieserslyste hierdie week gesluit is, op groot skaal beswaar teen kiesersgemaak is. In die Parowse kiesafdeling sou daar teen 800 mense beswaar gemaak gewees het. Dit sluit mense in wat op vakansie is en wat van woon- plek verander het.

* * *

Die gevoel tussen die Jode en Britte oor die afskiet van Britse vliegtuie, het die afgelope dae hoog opgevlam. Brittanje het 'n nota hieroor aan Israel gestuur maar die nota is aan Brittanje teruggestuur omdat die Jode nie die adres „Aan die Joodse Owerheid in Palestina” wou erken nie. Op sy beurt erken Brittanje weer nie „die Regering van Israel” nie.

* * *

Pres. Harry Truman het die Kongres gevra dat hulle moet goedkeur dat daar vanjaar \$5,250,000,000 aan buitelandse hulp en verdediging bestee moet word. Die begroting oortref alle vredestrydse begrotings.

* * *

Krygstuig sou met vliegtuie wat in Suid-Afrika geregistreer is, na Palestina vervoer word om die Jode te help, volgens 'n berig uit Londen. Die Unie-regering stel tans ondersoek in na die feite. Die vliegtuie sou nie meer lugwaardige sertifikate van die Unie-regering besit nie.

TOEKOMS VAN ASIË OP DIE SPEL

Die toestand in China het die afgelope dae aansienlik verswak sodat die hele toekoms van China en Suid-Oos Asië tans op die spel is. Die Kommunistiese leërs onder leiding van die Kremlin het een oorwinning na die ander behaal.

Dit kan nie genoeg beklemtoon word dat die Chinese leërs direk deur die Kremlin beheer word nie. Mao-Tse-tung ontvang sy bevele van die Kremlin terwyl genl. Chuh-Teh, bevelhebber van die Kommunistiese eenhede, presies dieselfde doen.

Sommige militêre waarnemers meen dat die Nasionaliste nog baas is in die lug. Daar word egter beweer dat die Kommuniste nog hulle lugmag agterweë hou by Jamusau. Die lugmag staan onder direkte Russiese kontrole en daar word hardnekkig geweier om hierdie eenhede nou al in die stryd te werp.

KORRUP

Die Amerikaanse aarseling met sy beleid ten opsigte van

Dollars En Sekels Vir Jode

Die Britse departement van buitelandse sake is baie besorg oor die Palestynse situasie. Die Britte voel dat die Russiese invloed oor die hele Midde-Ooste sal spreid indien die Arabiere verslaan word.

Die „koue oorlog” tussen Rusland en die Westerse moondhede sal dan uitgebrei word tot 'n gebied van die uiterste militêre en ekonomiese betekenis.

As gevolg van die V.V.O. se verbod word die Britte verhoed om die Arabiere van die broodnodige wapentuig te voorsien. Die V.V.O. se verbod verhoed egter nie dat die Joodse magte groot hoeveelhede wapens en ammunisie uit die Russiese satelliet-state van Oos-Europa kry nie.

En boonop betaal die Jode nog vir hierdie wapens en ammunisie en met Amerikaanse dollars!

SANLAM

verhoog sy

BONUS

na

£2/2/0%

(Jaarliks Saamgesteld)

vir sy

30STE

BOEKJAAR



Suid-Afrikaanse Nasionale
Lewensassuransie-maat-
skappy Beperk

Hoofkantoor:
WAALSTRAAT 28
KAAPSTAD

DKB

GROOTHANDELAARS BPK.

(Voorheen Die Kopersbond Bpk.)

KEEROMSTRAAT 52 - KAAPSTAD

FOON 3-0423

POSBUS 2120

DAMESROKSTOWWE:

Ons bied aan 'n groot verskeidenheid van damesrokstowwe (Morokyn, Satyn, Gesponne stowwe, Katoenstowwe), rokke, gebleikte en ongebleikte linne, gordynstowwe, onderklere, kouse, pantoffels, kindersokkies, kramerye, ens., ens.

HEMDE:

Verder ook mans wit en gestreepte hemde, sporthemde, dasses, baadjies, onderklere, werksbroeke, kakiehemde, slaappakke, sokkies, ens., ens.

Dit sal kleinhandelaars betaal om met ons in verbinding te tree, hetsy deur kontak met ons reisigers of andersins. Persoonlike besoeke sal op prys gestel word

Die Firma wie se voorrade nie op u rakke bly lê nie.

Verspreiders van TOOTAL
Fabriekate.

TRANS-AFRIKAANSE VERSEKERINGSMAATSKAPPY.

'n Eg onafhanklike Suid-Afrikaanse onderneming wat deskundige versekeringsdiens aanbied — lewensassuransie uitgesluit.

• BRAND • ONGEVALLE
• MOTOR • MARINE, ENS.

Voorsitter van die Direksie: PROF. L. J. DU PLESSIS
HOOFKANTOOR:

DE VILLIERSSTRAAT 15, JOHANNESBURG
Telefoon 33-3892 - Tel. Adres „VERSEKER”

AGENTSAPPE DWARSDEUR SUID-AFRIKA

AANSOEKE VIR AGENTSAPPE WORD VAN VLYTIGE
AGENTE INGEWAG

ALGEMENE BESTUURDER

A. C. KILBURN

DIE O.B., WOENSDAG, 19 JANUARIE 1949

HEERSUGTIGE PARTYKRAMER

Die Afrikanervolk het hoegenaamd niks te wen deur te berus in die deurmekaar politieke situasie wat vandag, sonder medewerking of goedkeuring van die volk, bestaan nie. Bowendien sal hierdie situasie nie opgeklaar word deur verswyging of verdoeseling van die feite nie.

Op parlementêre terrein het die Afrikanervolk samewerking bereik in 1947 toe die Malan-Havenga ooreenkoms aangegaan is. Hierdie samewerking het egter so broos geblyk te wees dat dit nie oorgedra kon word op die komende provinsiale verkiesings nie.

DIE BROSE EENHEID

Waarom nie?

Omdat die H.N.P.-leiding hardnekkig voortgaan met diskriminasie teen mede-Afrikaners, en met verontagsaming van die uitgesproke beginselstandpunt van die Afrikanerparty. Trouens die H.N.P.-leiding het openlik oorlog verklaar teen daardie duisende lede van die bondgenootparty wat toevallig ook lede van die O.B. is; en die verontagsaming van die A.P.-standpunt gaan so ver dat die H.N.P.-leiers juis die provinsiale verkiesings gaan veg oor die kwessie van die prosedure wat gevolg moet word om die verskansde klousules van ons Grondwet te wysig — toevallig die enigste verskilpunt wat nog tussen die twee partye opgeduik het.

Dit is die feite.

Die gevolge is dat die Afrikanerparty hom onttrek het aan die provinsiale verkiesings en dat opnuut bitterheid in duisende Afrikanerharte gewek is.

ALLEENHEERSKAPPY

Die argument wat deur die H.N.P.-leiers aangevoer word vir hul twis met O.B.-lede, nl. sodanige lede se sogenaamde ideologie, is in hierdie blad behandel; en ons glo dat afdoende bewys is dat hierdie argument nie hout sny nie.

Waarom dan die twis?

Ons glo dat genl. Hertzog reeds in 1942 die antwoord verstrek het: „Heersugtige partykramer uit eie volk, op soek na eer en eiebelang binne eie party.”

Ons glo dat die oorsaak van die huidige twis geleë is in die oorheersende drang van die H.N.P.-leiers om alleen te regeer oor die Afrikanervolk; vandaar hulle volgehoue onwilligheid om erkenning en samewerking te verleen aan ander Afrikanerleiers en -organisasies.

DIE ONFEILBARE RESEP

Die H.N.P.-leiers het in die verlede 'n onfeilbare resep ontwerp waarvolgens hulle enersyds hul twis teen mede-Afrikaners kan voortsit en andersyds nogtans hul alleenheerskappy kan bewerkstellig — hulle koppel naamlik hul party en al die vyandskap van hul party aan 'n saak wat die Afrikanervolk, en meer bepaald O.B.-lede, na aan die hart lê, bv. stem vir die H.N.P.: vir Apartheid en teen die O.B.; of, stem vir die H.N.P.: vir die redding van Blank Suid-Afrika en die uitwissing van die O.B.

Hierdie resep het in die verlede die stemme van duisende O.B.-lede afgepers. Baie teensinnig het hierdie beste Afrikaners vir die H.N.P. gaan stem teen hulleself, maar, soos hulle gedink het, vir hulle volk.

KAALGESTROOP

In hul oormoed het die H.N.P.-leiers egter self die komende provinsiale verkiesingstryd gestroop van alle idealisme of bykomstighede. Deur met die O.B. te twis en die Afrikanerparty van die verkiesing uit te sluit, deur sy kandidate te veto, het die H.N.P.-leiers die komende provinsiale verkiesingstryd gereduseer tot 'n suiwer H.N.P.-stryd. En die strydvraag wat beslis moet word is: Kan die H.N.P.-leiers bekostig om met mede-Afrikaners te twis?

Eindelik het die H.N.P.-leiding self, ten aansien van die provinsiale verkiesings, 'n gulde geleentheid gegee aan alle eenheidsliewende Afrikaners om finaal uitspraak te gee ten gunste van of Afrikanertwis of Afrikanersamewerking.

Ons glo dat daar baie Afrikaners is wat liever buite stemming sal bly as om vir Afrikanertwis te stem.

MOORD VROU SE AANLEG

Kry Hoë Pos In Kremlin

Dis seker 'n gemeenplaas om te sê dat elke geskiedkundige tydperk, elke sterk stroming in die eb en vloed van die mens-se ontwikkelingsgang, persone na vore stoot wat as enkelinge die tydval en die rigting waaraan hulle behoort versinnebeeld. Ook met die Kommunisme is dit die geval. Gelukkig dat dit so is, want daarin vind die wêreld in tasbare vorm en as waarskuwing die produk van die Stalinistiese „beskawing”, ook ongelukkig, want dis jammer dat sulke persone in die Twintigste Eeu na Christus nog kan bestaan, nie slegs as uitworpelinge nie maar wel as bewindvoerders.

So 'n persoon is die Spaanse vrou, Dolores Ibarreru, genaamd *La Pasionaria*.

DIE SPAANSE BURGEROORLOG

Haar eerste kans om 'n groot rol te speel het sy tydens die Spaanse Burgeroorlog gekry toe haar naam sinoniem met die sterkste anti-Franco verset geword het. Almal wat die beskawing deur die Falangiste bedreig geag het, het in hulle waan in haar die redder van Spanje gesien.

In die loop van die stryd, waarin Rusland so lewendig belanggestel het, het dit nodig geblyk om 'n groot aantal Spaanse kinders te ontruim en het die behulpsume Russe vanuit die Spaanse hawens van Oviedo, Bilboa en andere die jong Spanjaarde na Moskou en Leningrad vervoer waar hulle met die aanvang rojaal ontvang en geherberg is.

Intussen is die Spaanse posisie egter ten gunste van Franco gelikwider en het die laaste hoop om die burgerstryd in Stalin se belang uit te buit verdwyn.

Die nut van die kinders het eweso verdwyn.

LA PASIONARIA, WERKTUIG VAN DIE KREMLIN

Die raad van die Spaanse vrou wie se landgenote hul kinders in hul uiterste nood aan gewaande vriende toevertrou het, is ingeroep en die probleem is „opgelos” deur die tehuise waar die kinders geherberg is te ontbind en hulle na die verre ystronke van Sibirië te stuur. Die ouers het niks weer van hulle kinders verneem nie. Spaanse vlugtelinge na Frankryk, Meksiko en elders het vergeefse navrae gedoen. Jare later het die Duitse leërs enkeles teëgekom en na Duitsland teruggebring en daardeur die afskuwelike verhaal ontrafel.

Dit was een van die Spaanse vrou se offerande op die altaar van die Kommunistiese Politieke Buro, wie se werktuig sy geword het in 'n skynbaar onbeteuelde drang na magsposisies.

DIE HELPENDE HAND VAN RUSLAND

Ook andere behalwe die ouers van die ongelukkige kinders uit Baskeland en Asturië het die betekenis van Russiese „hulp” ervaar. Talle vlugtelinge uit Spanje het gemeen in Rusland hul toevlug te kan soek. Dog daar was liefvallige Dolores reeds om aan die bewindhebbers te verduidelik welke van die vlugtelinge aan een of ander van die afwykende sektes soos die gevreesde Trotskiïste behoort het. As verbode immigrante is met diesulkes kort proses gemaak; talle het in die goudmyne van Sibirië lang tyd gehad om hulle sondes teen Stalin te oordink, van talle is niks weer verneem nie.

HAAR GROEIENDE MAG

Na die dood van Pepe Diaz, leier van die Spaanse Kommuniste het Dolores haar posisie

aansienlik versterk. Al gou het die lot van haar slagoffers die aanwas van haar mag aange-ton.

Een van die eerstes was die Republikeinse generaal Valentin Gonzalez, een van die suksesvolste teen Franco, maar helaas alte seer bemind in sekere kringe van Spaanse uitgewekenes. Dolores het hom na afloop van die burgerstryd voor 'n Russiese militêre hof laat sleep omdat hy dan die oorsaak van die neerlaag in Spanje sou wees. Hoewel teen dié tyd 'n lyer aan tuberkulose is hy van sy rang onthef en na Turkestan deporteer.

'n Ander slagoffer was 'n jong Hollandse vroue-atleet. Toevallig

Deur J. de Vos

in Spanje by geleentheid van 'n sportbyeenkoms by die aanvang van die stryd, het sy as vrywilliger verpleegster geword en haar lot by die Republikeine ingewerp. Na die afloop is sy van haar kind — sy het intussen in die eg getree — geskei en het sy in die ruimtes van Sibirië ver-goed verdwyn.

OOK HAAR MAN

Dit sal waarskynlik niemand verbaas as gemeld word dat 'n eenvoudige Baskiese boer wat met La Pasionaria getroud was, weens sy beweerde defaitisme sy laaste dae in Sibirië geslyt het nie.

DIE ITALIAANSE KRYGSGEVANGENES

Nog minder verbasingwekkend is dit dat die om en by 83,000 Italiaanse krygsgevangenes wat in Rusland met die tweede Wêreldoorlog beland het met die uitsondering van ongeveer 12,000 nog steeds soek is. Niemand kan gesaghebbende hulle lot verklaar nie. Ook Togliatti, die leier van die Italiaanse Kommuniste kan of wil geen inligting verstrek nie. Die saak het al die omvang van 'n nasionale skandaal aangeneem.

Poolse gevangenes wat daarin

geslaag het om die hel van Russiese arbeidskampe te ontkom vertel dat hul talle Italianers teëgekom het wat daar nog dwangarbeid verrig. Wie weet hoeveel opdrifsels uit Spanje en Italië in die koue Ooste die vriendskap van Stalin nie ewe-veel as sy vyandskap verwens nie! Ook hier is die tedere hand van Dolores te bespeur.

VLUGTELINGE-SPESIALITEIT

Immers, La Pasionaria se voortrefflike dienste aan haarself en haar meesters het haar tot deskundige in verband met alle vlugtelinge-aangeleenthede in Rusland verhef. Sy verfoei heel in besonder die Latynse volkere, hoewel syself Spaans is, en be-weer dat hulle op die vooraand van algehele verval staan. As 'n ongelukkige Italiaan nog dalk kan verdink word van 'n volge-ling van die gevreesde en alte-bekwame Trotski te wees, hoe-wel laasgenoemde reeds na die liggaam van die toneel verdwyn het, dan is sy lot verseël.

'n Ramspoedige mengsel van versug staatkundige en ekono-miese wanbegrippe en algehele gebrek aan persoonlike ewewig het in hierdie vrou op skouspel-agtige wyse getoon wat die vrugte van die hedendaagse bar-baredom van Stalin is.

Horvitch Nou Voorsitter Van Kommuniste

Die Kommuniste in Suid-Afrika het van baas verwissel. Tydens hul onlangse Uniale kongres het mnr. W. H. Andrews, wat bekend was as die voorsitter van die party, sy bedanking ingedien... waarskynlik weens sy hoë ouderdom en swak gesondheid. Hy word opgevolg deur mnr. I. O. Horvitch. Moses Kotane is weer benoem as sekretaris van die party.

HULP GEVRA VIR OUD-GEÏNTERNEERDE

Het £500 al gespaar na loslating in 1944. Het nog £500 nodig vir UNIEKE besigheid.

O.B.-lede, kan u help met £1 of £5 elk? Minstens 15% rente. Twee (2) patente reeds geregistreer.

— LET OP VIR VERDERE ADVERTENSIES —

SKRYF AAN } I. GUEST
Kwitansies van } Posbus 33 — LANGLAAGTE

STAAT MOET NATURELLE INLIG OOR SOWJET

„Wagter”, Kaapstad, skryf: Ek het met baie belangstelling u artikels in „Die O.B.” van 1/12/48 gelees waarin aangetoon word dat die program van ons plaaslike Kommuniste nie in Rusland self bepleit sal kan word nie.

U artikels toon immers die rigting aan wat aangewend moet word ter bestryding van die bolsjewistiese wêreldgevaar in ons eie land. En dit is om die bevolking en die kleurlinge en die natuurlike behoorlik in te rig oor die werklike toestande in die Sowjet en sy satelliete.

Soos mnr. Van Heerden van „Dagbreek” dit gestel het, weet die meeste natuurlike nie wat die verskil is tussen 'n kommunist en 'n akkedis nie, maar die feit is tog dat die natuurlike veral wel maklik in die kloue van die Kommuniste val as gevolg van die intensiewe propaganda wat tans deur kommunistiese agitators hier gevoer word.

Soos elkeen van die nie-kommunistiese kandidate in die onlangse verkiesing van natuurlike verteenwoordigers seker sal kan getuig en soos die uitslag van hierdie verkiesings ook terdeë bewys — en soos ons owerhede seker weet, is daar 'n geweldige kommunistiese propaganda en agitatie vandag, meestal ondergronds, onder die natuurlike aan die gang. Die aangewese weg om hierdie kommunistiese gif teen te werk is om die natuurlike behoorlik oor toestande in Rusland in te lig. Vir ons is daar beskikbaar die wetenskaplike gegewens van 'n ekonoom soos prof. Hutt, of die „Documented Study and Analysis of Communism in the USSR” ('n publikasie van die Amerikaanse Senaat), en boeke soos „I Chose Freedom” van Kravchenko, en „Forced Labour in Soviet Russia” deur Dallin en Nicolaevsky.

Deur middel van woord en beeld moet die natuurlike bewus gemaak word van die feit dat hulle hier in omstandighede kan lewe wat soos 'n paradys vergelyk met die slawearbeid-toestande wat agter die yster gordyn in Rusland heers.

Die staat beskik oor die nodige gegewens en middele vir hierdie voorligting. Dit is al laat in die dag en seer seker tyd dat iets gedoen word om die rooi pes te bestry.

Gaan Na Binnekamer

Mnr. H. J. du Toit, Brandwag, Rhenosterkop, skryf: Ek het gister (9 Januarie) 'n baie mooi preek oor die radio ingeluister oor eenheid. Dit het my dadelik laat voel ek moet ook iets doen. Ek het ook Oujaarsdagaand geluister na dr. Malan se Nuwejaarsdagboodskap, en daarin opgemerk dat hy maar bekommerd voel oor die toekomst. Ver al een sin uit sy rede het my besonder getref n.l. „Ons moet nie partybelang bo volksbelang stel nie.” Advokaat Swart het ook so mooi na die H.N.P.-A.P.-oorwinning gesê: „Dit is deur God beskik.” Ek glo dit ook. Voorts glo ek ook dat God nie liefde het vir een party alleen nie maar vir ons hele volk, want waar partye is, is verdeeldheid, en waar die huis verdeeld is, kan ons nie die seën verwag nie. Die woord sê te duidelik dat wie sy broer haat, is 'n moordenaar.

Vir my is dit vandag baie duidelik dat ons volk ryp is vir eenheid. Ek wil dan hiermee 'n beroep op ons leiers doen om

na hulle binnekamers te gaan, en God ernstig te smee om leiding; Hy wat alleen reg kan lei; en dan sy leiding te volg. Moet nie vra aan watter party of organisasie een behoort nie — almal is Afrikaners.

Nou vra ek baie ernstig aan dr. Malan wat 'n geestelike leier was om net te handel soos Gods Woord ons sê om te doen. As hy nie kans sien om volkseenheid te verkry nie — gee dit aan min. Havenga oor om dit vir ons te verkry. Hy het tog al samewerking gevind met die O.B.'s en sal seker ook die ander kan vind. Iets moet gedoen word om ons as een volk bymekaar te bring, anders gaan ons vernietig word. As ons bymekaar staan as een volk sal ons Vader ons red van ondergang.

Dit gief my om soms briewe in die koerante te lees wat tog so bitsig is. Ek vra aan elkeen wat skryf, om nie van sy naaste iets te sê, wat hy nie graag van homself gesê wil hê nie. As ons meer na sulke preke oor eenheid kan luister soos gister — dan sal eenheid baie spoedig kom.

Volksbelang Voor Partybelange

Mnr. P. D. J. du Toit, Piet Retiefstraat, Tiervlei, skryf: Daar is baie gepraat en geskryf oor die politieke ontwikkelings in Suid-Afrika gedurende die afgelope paar maande. Ek het my maar heeltemal afsydig gehou en wou my nie laat in die politieke twiste tussen mede-Afrikaners nie.

Een ding het egter steeds duideliker na vore gekom; n.l. die magtelosheid van die party-politiek om werklik vraagstukke van volksbelang aan te pak. Dit blyk steeds duideliker dat die politieke partye eie belang voorop stel ten koste van volksbelang. Dit het in die onlangse partygeskil weer baie duidelik geblyk.

Sedert jare, het ek reeds die partypolitieke geknoei verlaat; en my by 'n Volksbeweging geskaar. Die Ossewabrandwag moet voortgaan op die weg — soos deur hul leier, dr. Van Rensburg uiteengesit. Gaan voort op die weg van Afrikaner volkseenheid buite die party-politiek — alleen daar sal ons werklike volkseenheid vind.

Samewerking Met „Alleen Goeies”

Mnr. J. P. V., Rivierstraat, Sunnyside, Pretoria, skryf: Spot die leiers met die gevoelens van die boeregemeenskap? Of voel hulle nie hulle verantwoordelike teenoor die Afrikaner nie, en bo dit, die roeping wat God aan hulle opgelê het, tot heil van volk en staat.

Waartoe is ons hier geplant aan die Suidpunt van Afrika — om 'n lig te wees; kan ons ander verlig indien ons die grootste gawe van die lig verag naamlik mekaar lief te hê en as die een die homself beter ag as die ander.

Dit bly oor en oor dieselfde: dit juig en jubel en dank God — die God wat wonders doen; en die juigkrete weergalm nog dan ontvlam alweer broedertwis.

Wat moet ons doen?

Kan en mag ons seën en heil verwag in hierdie skone erfenis van ons, as ons mekaar nie kan verdra nie, en altyd dwarstrek?

Ek smeeek u moenie — terwille van ons verdruktes en geringes — dat ons vyande weer die oorhand kry nie. Ek weet dis bitter swaar om altyd die minste te wees en joutself te verloën, en dis baie swaar om met sulke ALLEEN-GOEIE mense soos die H.N.P. saam te werk. Maar nogtans, dink nie aan hulle nie, maar aan die deel van u nasie wat ly, en wil daarom u krag en talente wy in belang van vrede en eenheid, en daar sal seën wees.

God regeer, laat ons stil en sterk wees, die toekoms is seker en veilig vir die wat in vrede en liefde lewe.

Maar vir die wat kwaad saai is daar ondergang.

Stem Uit Holland

Mnr. W. Wiekenkamp, De Carpentierstraat, Den Haag, skryf: Ek het u blad van 'n vriend ontvang wat self byna 30 jaar in Suid-Afrika gewoon het. My liefde vir Suid-Afrika is my met 'n paplepel ingegee. My grootvader wat al 25 jaar dood is, het 'n versameling werke oor Suid-Afrika besit. My grootmoeder en moeder het my dikwels vertel dat hy in 1899, nie-teenstaande sy groot gesin, moeilik te weerhou was van na Suid-Afrika te gaan om vir die Boere te veg. As kind het ek baie oor Suid-Afrika gelees en die name van al u Boerehelde is my bekend.

In Nederland is ek lid van die Nederlandse-Afrikaanse Vereniging. Daar is dus baie bande wat my bind aan Suid-Afrika. Ek stem nie met u in alle opsigte saam nie. Ek lees in u blad van wraak in Holland en België. Van Holland is dit nie heeltemal waar nie. Oor België kan ek nie oordeel nie. Soos die bevolking dit hier uitdruk: „Met die volgende oorlog word ek ook 'n oorlogsmisdadiger, dan is ek die beste daaraan toe gedurende die oorlog en na die bevryding word ek op die been gehelp.”

In die kampe hier kan die mense 'n paar dae elke maand na hulle huise gaan as hulle hul erewoord gegee het. Alleen die hoofde word gestraf en dan ter dood veroordeel en dan word die meeste begenadig.

Ek kan dit goed verstaan waarom u nie teen Duitsland wou veg nie. Ek het Finland dit ook nooit kwalik geneem dat hulle vir hul vryheid teen die Russe veg nie. Die Duitsers was vir my ook altyd meer simpatiek as die Engelsman.

Ons twee volke, Nederland en Suid-Afrika, het mekaar nodig. As ek 'n Afrikaner was sou ek ook 'n Republiek in wees en my aan u kant skaar. Daarom wil ek graag op die blad — Die O.B. — inteken. (Verkort.—Red. O.B.)

Apartheid— Waar?

„Met Oop Oë”, Stellenbosch, skryf: Ek is ook een van die groot skare Afrikaners, wat, hoewel nie lid van die H.N.P. nie, tog vir die kandidate van daardie party gestem het by die Algemene Verkiesing verlede jaar. Ek het dit gedoen (en ek weet van nog ander kiesers wat ook vir die party gestem het) omdat ons vir „apartheid” gestem het.

Nou begin ek wonder of ons nie die slagoffers van die H.N.P. se propaganda was nie.

Ek is ten gunste van „apartheid” omdat ek daarteen is dat die natuurlike ons witmense in ons eie land uitleef. Ons groot stede het almal reeds meer swart inwoners as blankes, m.a.w. ons groot stede is al

Soos Ons Lesers Dit Sien

klaar „swart”. En wat van ons dorpe? Neem Stellenbosch. As ons nog 'n paar fabriekie kry wat natuurlike-arbeiders in diens neem, en nog 'n paar natuurlike „voorstede” oprig, dan is Stellenbosch ook 'n „swart” dorp.

Ek het gedink dat ons „apartheid” sou kry as ons vir die H.N.P. stem. Ek het verstaan dat die H.N.P. die natuurlike uit ons stede en dorpe na hul eie gebiede sal verwyder, sodat ons weer in wit stede en dorpe kan woon.

Maar wat gebeur nou? Ek hoor nou dat dit NIE die H.N.P. se beleid is om die natuurlike uit die blanke samelewing te verwyder nie. Die H.N.P. wil nou nie meer 'n wit samelewing beveilig deur apart van ons 'n swart samelewing in 'n natuurlike-gebied te vestig nie. Ons moet nou glo maar 'n bont samelewing bly, wat beteken dat ons dorpe net soos ons stede swart gaan word.

Apartheid is glo nou nie meer vir die volk nie: dis net vir 'n deel van die parlement. Ek verstaan dat die H.N.P.-werwers glo nou vir hulle mense wysmaak dat as die drie blanke natuurelverteenwoordigers uit die Volksraad geneem word — dan het ons „apartheid”. Ek dink nie so nie. Ek dink ons sal eers „apartheid” hê wanneer die natuurlike uit die blanke samelewing geneem word.

In die parlement is nie natuurlike nie: daarbuite tussen ons (vervolg in volgende kolom)



Vir persoonlike frisheid

betowerende welriekendheid

is die antwoord

K W V

-reukwater

EN

-laventel

PRODUKTE VAN SUID-AFRIKA

—nigste Suid-Afrikaanse Distribueerders: H. J. NIEHAUS (EDMS.) BEPERK Postbus 2108, Kaapstad, Postbus 4883, Johannesburg.

3-48

(vervolg van vorige kolom)

kiesers is daar duisende. Ons wil nie „apartheid” in die parlement het nie: ons wil dit daarbuite hê.


Het u SPRINGBOK Medium probeer



G2-1081

In Pakkies van 10, 20, 50. Met of sonder kurk.

* HIER IS GERIEF EN BILLIKE TERME!! *



Die 4-vt. „WELDOME”-slaapkamerstel volledig met hang-en dakruimte. Spieëltafel met swaaispieëls. KONTANT £41/13/-, of 'n deposito van £5/3/- en 24 maandelikse paalemente van £1/16/6. Bypassende beddens verkrygbaar.

Skryf om ons gratis Meubelkatalogus met pryslys en meld wat u verlang.

Ons groot voorraad sluit in RADIO'S, WASMASJIENE, KOELKASTE, STOWE en POLITOERDERS.

— Groot afslag vir kontant —

UNIKA MEUBELS (EDMS.) BPK.

VICTORIAWEG 171 — WOODSTOCK

TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:

Huishoudelike Kennisgewings:
(Verloving, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

Handelsadvertensies:
Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

Intekengeld op „Die O.B.” (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/6 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings, en intekengeld na VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.

ALGEMEEN

KNOPE OORGETREK teen 2/3 per dosyn vir 1/-, 6d. en 3d.-grootte. Stuur u materiaal, bestellings en geld aan **Mev. Potgieter, Bertramsweg 11A, Troyeville, Johannesburg.** 22/12/6B

BOERMEEL

Boermeel op ons bekende steen-meule gemaak 23/4 plus bankkommissie per 100 pond sak k.m.b. **Mission Store, Ellim, K.P.** 12/1/TK.

BOME, PLANTE EN SAAD

GEEL LUPINE. — Om teleurstelling te voorkom, bestel dadelik hierdie gewilde en skaars Lupine-soort, nl. die geel, soet Lupine: 2/- per pond vir 25 lb. en meer, en 2/6 per pond vir minder. Bestel van **P. G. Uys, Alexandraweg 9, Parow,** 19/1/3

Goewermentsgesertifiseerde Groente-saad: Chantenay Workis, 10/-; Detroit Beet, 5/6. Skorsies: Klein Gem, 8/-; Lang Wit Bos, 8/6; Hubbard Groen, 8/6; Pastelpapoeitje, 8/-; Tom Watson en Wonder Watlemoen, 12/-; Blaarslaai, 17/6; Marbloue Tamatie-saad, 35/-; Suiderkruis en Reliance Blomkool, 16/-; Spitzkopkool, 8/- per pond. Posvry. **K.M.B. — PREMIERS, P.K. Schoemanshoek.**

MEUBELS

MEUBELS. — Beter meubels teen billiker pryse. Babawaentjies, stootkarratjies, diewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel. — **VISSER-MEUBELS, Langstraat 291, Kaapstad.** 3/12/11

MEDISYNE

GRYSHARE binne een maand tot natuurlike kleur herstel of geld terug, vry van kleurstof. Bevorder haregroei, verwyder skilfers. 5/6 per bottel, posvry. Kontant met bestelling. — **Die Boerevrou, Posbus 7559, Johannesburg.** 3/11/Nr.(3)

RADIO

LOUW EN LOUW, die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteits-aannemers. Foon 9-8435.

Vir die beste en duidelikste luidsprekerdienste op enige plek, asook vir versterkers, luidsprekers, mikrofoon en parte — groot en kleinhandel — skryf aan: **P. D. SMUTS RADIO (E.I.E.N.S.) BPK.,** Hoofstraat 287, Paarl. Foon 755. 15/9/48

SKOENE

Vir die allerbeste mans- en kinderskoene en beter reparasies raadpleeg **Voortrekker-skoenhospitaal, Langstraat 293, Kaapstad.** Telefoon 3-0164. 13/10/12

TE KOOP

„ATLAS” - vragmotorbakke, sleepwaens, druiwebakke, ens., gebou na u bestelling; asook die verpakking van meubels, oprigting van kantoorskakke en -afskortings; die bou van houthuise („bungalows”). In kort, enige soort houtwerk word onderneem en uitgevoer deur 'n deskundige vakman. — Raadpleeg **NICK NEETHLING, Lady Greystraat, Paarl.** Foon 1253.

BESTE: Opreggeteelde Jerseybeeste uit die beste bloed en melk-rekords. Koele en verse. — **Zeeman, Robertson.** 1/12/TK

GEDROOGDE VRUGTE. — Barrymerk gedroogde vrugte posgeld betaal in Unie, in 5 en 10 pond-kissies. Apperlinge 3-Diamant, 2/1; Perskes, 3-Diamant, 2/1; Pere, 3-Diamant, 2/1; Vye, 4-Diamant, 2/3; Pruimedante, 50/60, 1/3½; Rosyne, 3-Diamant, 10½d.; Tros-Rosyne, 4-Diamant, 1/3; Okkerneute, 2/3; Amandels, 1/9; per pond. Volledige Pryslis verkrygbaar van **Robertson-Handelsvereniging, Posbus 7, Robertson.** 24/11/TK

GESUIKERDE VRUGTE. — Barrymerk gesuikerde vrugte, 8/6 per ses 1 pond-pakkies of 6/3 per 5 pond-kissie, posgeld betaal in Unie. Kontant met bestelling. Ons stuur ook gesuikerde en gedroogde vrugte ten behoeve van kliënte aan vriende oorsee. Verdere besonderhede verkrygbaar by **Die Robertson-Handelsvereniging, Posbus 7, Robertson.** 24/11/TK

MOTORKISTE, verskillende groottes. Planke met voël en ¾ dm. dik. Geskik vir plankvloere in buitegeboue en boudoeleindes. Vir mate en pryse doen navraag by **Nick Neethling, Lady Greystraat, Paarl.** Foon 1253. 8/12/TK

SOUT

SOUT vir dadelike aflewering in goele sakke. Brandwagte, om 'n eerlike bestaan te maak vra ek u vriendelike ondersteuning deur van my sout te bestel. **Spesiale A1 80/-; Sneeuwit No. 1 70/-; Wit No. 2 60/-** per ton vrygelaal. Soutwerke tevredeheid gewaarborg. Adres: **Komde, Mev. Martie Venter, Possak No. X4, Arbeidsloot, Bloemfontein.** 19/1/TK

STEENMAAKMASJINE. — „Kleine Wonder” vir die maak van standaard grootte sementstene van 9 dm. x 4 5/16 dm. x 3 dm. teen £30, of £20 sonder voetstuk. Luukse modelle teen £5 ekstra. V.o.s. Hopefieldstasie. Handelsnavrae word verwelkom. Om besonderhede en illustrasies skryf aan: **Kleine Wonder Steenmasjiene (S.A.) Agentskappe, Posbus 18, Hopefield, K.P.** 18/8/TK.

TE KOOP GEVRA

Ou motorbatterie en verkoelers. Ons betaal 3/- elk K.B.A. Stuur aan **Nick Neethling, Lady Greystraat, Huguenot.** Vir meer dan 50, bel 1253, en ons kom haal. 8/12/TK

PLUIMVEE

Die Beste Firma om u **PLUIMVEE, EIERS** en ander **PRODUKTE** aan te stuur is:

C. M. ELOFF EN KIE. (Edms.) Bpk. **MOREMARK (Posbus 7185) Newtown**

RADIOTRONICS

(A. Perold en P. Brink)

Vir herstel en koop van **ELEKTRIESE APPARAAT** (Onderneem ook yskasherstelwerk, ankerontwikkeling en lê van kables in huise en fabrieke)

Hoofstraat BELLVILLE Foon 97-9114.

VELDTOG TEEN MINISTER

Pogings onder leiding van die linkse Vak- en Arbeidsraad sal aangewend word om te verhoed dat daar in die sake van die vakbondbeweging ingemeng word. Nywerheidsrade en werkgewers sal versoek word om steun aan hierdie veldtog te verleen. Die Raad het ook 'n mosie aangeneem waarin die Minister van Arbeid versoek word om die kommissie van ondersoek na die sake van die Klerewerkersvakbond te ontbind. Twaalf afgevaardigdes het teen die voorstel gestem.

Regsgesinde lede wat beswaar gemaak het teen die aanval op die Minister van Arbeid is doodgeskree.

Die kommissie van ondersoek het onlangs sy werk gestaak en sal weer vroeg aanstaande jaar daarmee voortgaan.

Nazisme Herleef Sê Amerikaner

Nazi-gesinde groepe steek weer hulle koppe in Duitsland uit, volgens 'n verklaring van genl. Clay, militêre goewerneur van Duitsland. Een van die verenigings gaan onder die naam van „Bond van Duitse Herlewings” en die ander is bekend as „Nasionale Demokratiese Party”. Daar is onder meer geëis dat die grense van die Duitse Ryk herstel word.

Het U Al 'n Intekenaar Gewerf?

VUL ASSEBLIEF HIER IN

Die Bestuurder,
Voorslag (Edms.) Bpk.,
Posbus 1411,
KAAPSTAD.

Waarde Heer,

Neem asseblief my naam op as intekenaar op Die O.B. tot ek u in kennis stel om toesending te staak. Hierby ingesluit vind u die bedrag van.....

vir die eerste.....maande.

NAAM:
(Naam en Adres in Blokletters)

POSADRES:

Handtekening.

Intekengeld: 12/6 per jaar of 6/6 per halfjaar.
Voeg asseblief Kommissie by plattelandse tjeks.

Penkop Op Kommando

Meegaande verhaal van 'n tienjarige seun wat sy vaderland as gewapende burger verdedig het in die Tweede Vryheidsoorlog is ons toegestuur na aanleiding van 'n oproep 'n tyd gelede in Die O.B. dat verhale gestuur moet word van jeugdige burgers wat hul plig in die stryd om vryheid gedoen het.

Dit was September 1899. Die oorlogswolke was reeds sigbaar en 'n deel van die burgers van Wakkerstroom-distrik word aangese om op 'n sekere dag bymekaar te kom op die plaas Poortjie, van veldkornet Gert Rensburg om skyf te skiet met die nuwe wapens, die mauser gewere wat uitgedeel sal word aan die burgers van Transvaal. My vader, twee ouer broers en ek, toe maar 'n knapie van 10 jaar, het te perd vroeg die more by die veldkornet op sy plaas aangekom. Net baie gou was daar 'n hele boerekommando bymekaar en die skyfskiet in volle gang.

SKYFSKIET

Laat die middag kom die beurt vir die penkoppe bo 16 jaar. „Neef Karel,” sê die veldkornet aan my vader, „jou klein seun moet vandag vir die jongkêrels wys hoe om een kolskoot na die ander te skiet. Ek moes teen daardie jongkêrels meeding wat almal 16 en ouer was. Die gevolg was dat ek en 'n groot kêrel gelykop, die hoogste punte behaal. Toe een stryskoot na die ander, en ek kry die eerste prys en 16/- word aan my oorhandig as die held van die dag. Destyds was 16/- baie geld vir 'n seun.

OORLOG

Begin Oktober 1899 het die oorlog uitbreek. Die kommandeerbrief het onder andere gelui: Burger so en so moet op datum so en so op plek so en so verskyn met perd, saal en toom, geweer, ammunisie en mondprovisie vir agt dae. My vader en my oudste broer het dadelik by die Wakkerstroom-kommando aangesluit. (’n Tweede broer het ook later gevolg). Die komando's van die Republiek het Natal ingetrek. Later het ek 'n mauser geweer gekry en genoeg ammunisie waarmee ek byna elke dag kon oefen om die natuurlike van die omgewing te laat sien dat ons self verdedigend kan optree.

Ek was toe reeds die beskermer en hulp van my moeder op die plaas met die boerdery.

DIE FRONT

Nou verneem ons die berigte van die oorlogsfront: die veldslag

van Elandslaagte en van Modderspruit; die vaslê van Ladysmith; die verkeerde oorlogsbeleid van generaal Piet Joubert; daar word wapenstilstand aan die vyand verleen om sy dooies te begrawe in plaas van om die behaalde sukses dadelik op te volg met 'n volgende veldslag om die vyand se slaan-krag te breek. Ons verneem van grofgeskut; die skepskanonne van die vyand kom by Ladysmith aan; die vyand val aan en die boere kommando's veg dapper maar dissipline ontbreek. Duisende gewapende burgers bly weg van die vegterrein, baie is

Deur

J. A. Landman

op verlof by hulle huise en die oormag van die vyand groei by die dag aan vanaf die skepe wat die land belaa met tommies en oorlogstuig, wat dan met die grootste spoed per trein na Ladysmith vervoer word.

LIEWER PREDIKANT

Ons verneem van die bloedige gevegte om Ladysmith, name van dapperes word genoem soos Hindon, Slegtkamp, ens. 'n Oud-onderwyser, J. G. Lugten, is by ons op die plaas en hy vertel al die oorlognuus. Dit word gesê dat generaal Joubert liewer predikant as veggeneraal moes gewees het, want hy het versuim om die boerekommando's te laat opruk na die kus van Natal om die seehawes in besit te neem. Daarvan het die oorwinning van die boeremagte afgehang. Ladysmith is ontset.

Toe die Engelse magte die Transvaalse grens by Volksrust en elders reeds vanuit Natal bereik het, en met 'n oormag die Republiek begin binneval, het ek by die Wakkerstroom-kommando kon kom waar die ou groot kanon (een van die Long Toms) op Langberg naby Wakkerstroom was, vanwaar hy af en toe op die Engelse patrollies kon losbrand om later die posisie te verlaat.

VLUG MET VEE

Toe het die vlugtery met die vee begin die binneland in. Die trekkery was dag en nag aan die gang. Ek onthou nog goed die Roel aan die stêr in daardie tyd as ek so heelnag op die perd sit om toesig te hou oor die aanja van die vee. Terwyl my moeder, jongste broertjie en sustertjie by haar met die „spaaider” en perde agter die gelaaide waens aan ry.

Later het ons weer teruggetrek na die woonplaas aangesien die Engelse magte in en om die dorpe rondgesloer het.

EK SLUIT AAN

Toe kon ek weer by die kommando's kom wat toe nie juis baie aanvallend opgetree het nie. — Dit was in Mei 1901 toe die Engelse eenhede vanaf Wakkerstroom se kant aan gerol het, en ons kommando's moes veg en vlug. Die troppe vee is toe meesal bymekaar gejaag en op die vlug onder beskerming van klein kommando's geplaas. My vader en tweede broer was onder hulle. Ek was by my oudste broer en drie jong Greylings wat al vanaf die begin van die oorlog

in die veld was. Ons was toe onder veldkornet A. Greyling, Wakkerstroom-kommando, wat daaraan geglo het om die vyand gedurig te verras waar enigsins moontlik.

SKIET EN JAAG

Dis stormjaag afspring en vuur en nog voordat die Tommies eintlik kon besef wat gebeur, het boer se kind al sy slag geslaan en weer veilig uit Tommie se bereik. Dit was nou eenmaal die gewoonte van die Engelse leër dat die soldate eers op bevel moes wag om te handel, wat maar altyd noodlottig vir die Tommies was. Die eerste bevel was gewoonlik altyd op die kritieke oomblik: „verskuif visiere”, en dan skuif die Tommies die versier op 500 treë. Dan die bevel: „vuur”. Ons het dit te wete gekom deur die gewere van die vyand wat in die slag bly. Met so 'n verrassingsaanval was ons gewoonlik redelik veilig want die Tommies het met die visier op 500 treë altyd dwarsoor ons koppe geskiet, en die verliese was vir hulle altyd groot. Wanneer hulle tot besinning kom dan was ons al in verspreide orde byna uit hulle bereik.

DOODVERSKRIK

Die soort van aanval deur die boerekommando's kon die Engelse nooit verstaan nie. Die gevangenes van die vyand het altyd erken dat hulle offisiere gewoonlik saam met die Tommies doodverskrik was, en dan ontstaan die grootste wanorde in hul geledere. Dit was eenmaal te veel vir die Engelse dat 'n hele Boerekommando so onverwags voor hulle van die perde afspring en met 'n dodelike vuur op hulle losbrand, om het so gou weer te verdwyn.

PLUNDER

Die Engelse magte het daaglik in getalle vermeerder en sover hulle beweeg het, het hulle geroof en geplunder. Die grootste eenhede was saamgetrek by Waterval waar die grootpad van Wakkerstroom na die Laeveld die berge begin afdaal. Na die vierde dag van stilstaan het daar baie vroeg die more weer beweging begin kom. 'n Groot afdeling perderuiters het die Engelse kamp verlaat in die rigting terug. Dit was net waarvoor die Boere gewag het. 'n Dik mis het toegesak. Boer en Engelsman kon selfs op 'n afstand van 'n paar honderd tree nie een die ander herken nie. Een flank van die Engelse ruitery (en daar was nogal 'n paar van die Joiners by) het reg op ons veldkornetskap afgery. Ons het hulle vroegtydig gewaar en veldkornet Greyling, wat altyd op die voerpunt was, kon net sê: „Kêrels, die eerste skoot vir my.” Die eerste skoot het ook uit sy mauser gekom op 'n afstand van minder as 100 tree.

OORMAG

Toe die Tommies eers tot halt geroep was, was hulle naaste perde aan ons reeds meesal sonder ruiters gewees. Die oormag was so groot dat ons op die oomblik toe verwarring nog onder die Tommies geheers het, die wyk moes neem. 'n Half-uur later toe die dik mis opklaar het die hele omgewing letterlik gewemel van kakies, en die Boere-kommando was net betyds uit die bereik van die groot vuurmonde wat toe op die hoogtes opgestel was. (Slot volg)

'n Nuwe wolrekord is in Australië opgestel toe merinowol die buitensporige prys van 159 pennies per pond behaal het.

Boere Jeug

AMPTELIKE

ORGAAN

BYVOEGSEL TOT DIE O.B. VAN WOENSDAG, 19 JANUARIE 1949

GESLAAGDE LAERTREK TE FRANSCHHOEK

Weereens kon ongeveer 90 Boerejeug-lede tussen 10 en 20 Desember, verlede jaar, op Middagkrans, die plaas van die gasvrye Hf.-genl. Max Smuts, gaan laerslaan. As ons let op die getalle, word hierdie jaarlikse laertrekking elke jaar meer gewild. Hoewel dit nie 'n Gebiedslaer was nie, was daar byna net soveel laergangers as op die vroeëre Gebiedslaers.

Hierdie laertrek was veral gereël met die doel om opleiding te gee met die oog op die groot Uniale Boerejeug-laertrek wat gehou sal word te Pretoria teen die einde van hierdie jaar wanneer die Voortrekkermonument onthul sal word. Teen die einde van die laer kon almal die vlag foutloos hys en stryk, flink saluer, netjies marsjeer en beter sein.

ROLPRENTE

Benewens die opleiding kon die Boerejeug ook deelneem aan staptogte, volkspele liggaamsoefeninge vroeg in die môre, swem en nog baie ander vermaaklikhede, waarvan die kampvure elke aand die siel was. Die laergangers was ook besonder gelukkig om twee rolprent-vertonings in die laer te kan bywoon. Onder andere was die onlangse 10de verjaardagviering van die O.B. te Rustenburg, 'n Boerejeuglaertrek en grepe uit die geskiedenis van die O.B. ook op die doek te sien.

Fondse Wat Ingesamel Moet Word

Met die oog op die fondse wat ons teen die einde van die jaar nodig sal hê om na die Boerejeug-laertrek te Pretoria te gaan sal daar vroeg in hierdie jaar 'n rolprentvertoning gehou word op verskeie plekke in die Skiereiland. Ander maniere om fondse te bekom is ook reeds deur die Skiereilandse Offisiere bespreek. Hou maar „DIE O.B.” dop vir die aankondigings en maak solank propaganda by ouers en vriende.

In die departement van die Kommissariaat-Offisiere, die kombuis, het dit baie goed toegestaan. Al was die sop partykeer aangebrand, was daar hierdie jaar baie witbrood, melk en vrugte om aan die eetlustige laergangers voor te sit. Die nege skape en sakke groente wat verorber is, is 'n uitstekende bewys van hoeveel 'n Boerejeug-laerganger kan eet.

DINGAANS DAG

Baie laergeriewe is ook weer op die pragtige terrein aangebring. 'n Hokkie vir die wagte, wat reeds lankal daar behoort te gewees het, is op aandrang van komdt. Rousseau opgerig. Meer bankies is ook in die kombuis aangebring.

Dingaansdag was vanjaar 'n spesiale gebeurtenis in die geskiedenis van die Franschhoek-laers. Die laergangers kon almal na die viering op Groote Schuur, Kaapstad vervoer word, danksy die ywer van Hf.-genl. Max Smuts en komdt. Hofmeyr wat so baie moes rondval om vervoer te kry.

As staf-offisiere het opgetree: Komdt. P. J. Taljaard (Boerejeug-Hoofkwartier), veldknt. J. du Toit (Kaapstad), veldknt. C. Hanekom (Malmesbury), veldkornet A. Bredenkamp (Observatory), komdt D. B. Blom (Sutherland), veldknt. G. J. Rousseau (Robertson), L. Bohlmann (Paarl), veldknt. Pans Taljaard (Goodwood), asst.-veldkornet A. Viljoen (Paarl), komdt. A. Cloete (Bellville), komdt. R. Hofmeyr (Paarl), asst.-veldknte. M. Retief (Wellington), veldknte. M. Basson (Malmesbury), veldknte. H. Fouche (Greyton), veldknte. C. Theron (Sutherland), Leonora Liebenberg (Vasco), asst.-veldknte. M. Viljoen (Paarl).

Die pryse vir die beste gedrag en netheid is hierdie jaar deur Lorraine Wolfaardt en Rian Visser verower. Albei is van Kaapstad.

Ook het Tonteldoos, die laerblad, weer sy verskynning gemaak om al die grappige voorvalle in die laer onder die aandag van al die laergangers te bring. Die dagbladjie is sogenaamd vroeg afgelewer by die tente en dit het 'n plekkie in elke laerganger se hart verower.

Een van die Offisiere het die mooi onderstaande gediggie ingestuur om haar waardering vir TONTELDOOS te betuig.

VAARWEL

Vaarwel geliefde TONTELDOOS
Eers die versteurder van ons rus
Toe onder groen denneboom
Jy ons geruk het uit 'n droom.

Daarna het jy so stadigaan
Jou weg tot in ons hart gebaan
En elke môre was ons bly
Om jou in hande te kan kry.

Ons neem jou saam as dure pand
Van hierdie mooi Boerejeugland
Waar ons gelukkig saam kon wees
Steeds een van hart en een van gees.

As skemer in ons harte daal
Sal ons jou uit ons rakkie haal
En lees en lag en weer onthou
Dat Boerejeug steeds op moet bou.

Volkspele Gewild In Skiereiland

Met die Offisierversgadering wat onlangs in die Paarl gehou is, is daar besluit om gedurende 1949 geld in te samel om die reiskoste en ander uitgawes te help dek wanneer ons in Desember op Pretoria gaan laertrek. Die offisiere het nie op hulle laat wag nie en het dadelik begin funksies reël.

Eerste aan die beurt was Observatory se Boerejeug. 'n Volkspele-aand is gereël en dit was 'n baie groot sukses. Kaapstad-Sentraal se Boerejeug-orkes het die aanwesiges vergas op musiek. Dit was dan ook die groep wat die volgende funksie gereël het. Dit was ook 'n Volkspele-aand wat in die Komiteekamer van die Groote Kerkgebou gehou was. Die vertrek was so gepak van jongmense dat die Vriendskapsentrum ontruim moes word sodat die kleintjies daar kan speel. Soos 'n goeie ou grootvader het komdt. Callie le Roux daar die leiding geneem — en meesal self ook saamgespeel. Aan eetgoed was daar oorgenoeg en die Boeredogters moes net lelik bontstaan om almal te bedien.

'n Week later was dit Goodwood se kans om volkspele te speel. As gevolg van die pragtige gees van samewerking tussen die Boerejeug en die Na-

Beste Kameraad,

Teen die tyd dat jy hierdie blad ontvang, het die nuwe jaar alweer heelwat van sy blinkheid verloor. Hy is reeds vinnig besig om koers te vat. Maar voordat dit darem te laat word, wil ons aan elke leser(es) van hierdie blad 'n gelukkige en voorspoedige nuwe jaar toewens.

1949 Hou vir ons volk baie moontlikhede in. Gedurende hierdie jaar sal daar sekerlik baie interessante verwikkelinge in ons volkslewe plaasvind wat ook sy merk sal laat op die latere geskiedenis van ons land en volk.

Of hierdie gebeurlikhede wat wag, vir ons volk tot vrug of nadeel gaan wees, sal die tyd alleen vir ons kan leer. Elkeen van ons sal egter, in 'n kleiner of grotere mate, gedurende 1949 die voorreg het om op een of ander wyse mee te help om ons volkslewe meer vrugbaar te maak.

Boerejeug, vir jou is daar geleentheid om hierdie nuwe jaar nuttig te kan gebruik.

Om tot ons organisasie terug te keer. Ons wil graag hiermee namens elke Boerejeuglid ons waardering aan Hoofkomman-

PENMAATS

Hoe lyk dit, wil jy met 'n maat in 'n ander dorp korrespondeer? Stuur dadelik vir ons jou naam en adres en ook ouderdom dan plaas ons dit in hierdie blad.

Stuur die nodige besonderhede aan: Penmaats, Posbus 1059, Pretoria.

Dit is onder ons aandag gebring deur die Redaksie van „DIE O.B.” dat slegs Boerejeuglede en Offisiere van bogenoemde aanbod gebruik mag maak.

sionale Jeugbond aldaar, het hulle daarin geslaag om die Kerksaal propvol te kry. Die plaaslike leier van die N.J.B. van Goodwood, mnr. Andries Colyn, het die volkspele gelei.

Ook hier het die eetgoed nie ontbreek nie.

Ons hier in die Skiereiland het ook groot planne vir die nuwe jaar. Op Goodwood sal daar elke aand volkspele gespeel word, 'n paar rolprentvertonings sal gehou word deur ander afdelings en daar word ook beaardslaag oor ander maniere om fondse in te samel want teen die end van die jaar moet daar 'n sterk „16 Desember-fonds” wees.—(Ingestuur).

dante Lenie Roos oordra vir die dienste wat sy gedurende die afgelope jaar as redaktresse van DIE BOEREJEUG aan ons bewys het. Ongelukkig kan sy nou nie meer verder in hierdie hoedanigheid dien nie daar ander werksaamhede baie meer van haar aandag in beslag sal neem. Ons is egter bly dat sy nog as redaktresse van VUURSLAG, ons maandblad, sal optree.

En terwyl ons met VUURSLAG besig is, wil ons somaar vir elke lid wat nog nie op hierdie blad ingeteken het nie, vra om dit nog hierdie week te doen. Onthou dit is julle blad, vol van baie interessantheide vir elkeen. Veral vir die enkele offisiere wat nog nie die blad ontvang nie, wil ons vriendelik vra om dadelik daarop in te teken. Dit sal vir u van baie nut wees met u werksaamhede hierdie jaar. Ons kan amper sê dat u nie daarsonder u pligte behoorlik kan uitvoer nie.

Nog 'n laaste ietsie. Ons sien met graagte uit na berigte van werksaamhede in die verskeie afdelings. Stuur nou vir ons gereeld so 'n verslaggie van wat in julle Veldkornetskaps plaasvind, of 'n kiekie van die afdeling. Die kamerade oor die hele land sal graag wil sien wat julle plaaslik doen. Stel daar iemand in die veldkornetskaps aan wat gereeld vir sulke beriggies sal sorg.

Ten slotte: aan die einde van hierdie jaar word die Voortrekkermonument te Pretoria onthul. Dit sal geskied op 16 Desember. Die Boerejeug gaan ook daar wees. Begin nou al die pennies bymekaar maak vir die reisgeldjies wat julle vir daardie geleentheid nodig sal hê. Nadere besonderhede sal van tyd tot tyd in hierdie blad verskyn. So hou dit maar elke uitgawe noukeurig dop.

Tot later dan, Kameraad, alles wat goed is en lekker werk.


VERLORE

Op die jongste Franschhoek-laertrek het daar baie klere, handdoeke en baaibroekies agtergebly. Laat ons weet of julle dit nog wil hê en gee sommer 'n volledige beskrywing daarvan sodat ons dit dadelik kan uitken as ons dit sien.

Kiekies Gevra:

Offisiere en laergangers wat mooi AKSIE-fotos van die jongste Franschhoek-laer in hulle besit het kan dit gerus aan ons stuur sodat ons dit in 'n volgende uitgawe kan publiseer. Pos dit asseblief so gou mobntlik aan „Die Boerejeug”, Posbus 1059, Pretoria. Kiekies wat ons nie gebruik nie sal weer teruggestuur word.

**ONTHOU,
BOEREJEUG,
DIT IS NOG SKAARS
ELF MAANDE
VOOR ONS GROOT
LAERTREK IN
PRETORIA
AAN DIE EINDE VAN
DIE JAAR. MOENIE
TOT DAN WAG OM**



VOORBEREIDINGS TE TREF NIE. BEGIN NOU REEDS. MOEDIG JULLE MAATS SOLANK AAN OM OOK SAAM TE GAAN. GEDURENDE DESEMBER 1949 GAAN ONS HELE BOEREJEUG SAAM LAERSLAAN DAAR BY PRETORIA TYDENS DIE ONTHULLING VAN DIE VOORTREKKER-MONUMENT. JY GAAN TOG SEKERLIK OOK DAAR WEES! WAT JY NOU REEDS KAN DOEN? GOOI DAARDIE SPAAR PENNIES IN 'N BLIKKIE EN SIT DIT VEILIG ERENS WEG.



Aan alle lede wat nog nie op ons eie blad ingeteken het nie, wil ons vra: DOEN DIT SO GOU MOONTLIK. Hierdie blad verskyn maandeliks en bevat baie interessante artikels vir kleingoed en Boerejeug.

**TEKEN DADELIK DAAROP IN BY
POSBUS 1059 — PRETORIA
Intekengeld net 3s. 6d. per jaar**

Penmaat Gevra

Hilda Broodryk, Bassonstraat, Porterville, skryf: Ek het in die O.B. gelees dat penmaats gevra word. Ek is 'n O.B.-meisie en ek wil baie graag 'n penmaat hê. As iemand vir my wil skryf dan moet hul na bostaande adres skrywe.

HERTZOG SE BOODSKAP NOG AKTUEEL

Sewe jaar gelede, toe die oorlogswolke nog donker oor ons volk saamgepak was, het wyle genl. J. B. M. Hertzog 'n koersaanduidende boodskap aan die Afrikanervolk gerig. Sy boodskap het hoop vir die toekoms ingehou, maar terselfdertyd was dit 'n ernstige waarskuwing teen nasionale verbokkeling en 'n klinkende oproep vir eenheid.

In al die koerante van die H.N.P. is die Hertzog-oproep destyds doodgeswyg.

In 1948 is genl. Hertzog se profetiese verwagtinge verwesenlik; en in 1949 is sy dringende waarskuwing teen verdeeldheid nog steeds aktueel.

Die Afrikanerdom het twee doodsvyande, het genl. Hertzog se boodskap in 1942 gelui. „Dewyl die een as bron van kwaad in hoofsaak, dog nie geheel, geleë is buite die gelede van die Afrikanerdom en doelbewus aangelê is op die vernietiging van sy vrye nasionale ontwikkeling en voortbestaan, is die ander, wat daarop bereken is om net die Afrikanerdom deur middel van 'n politieke party te gebruik tot bevordering van persoonlike oogmerke en belange, werkzaam binne en uit die gelede van die Afrikanerdom self.”

EERSTE VYAND

Die eerste doodsvyand „geld die nooit versadigde poging — so oud soos die aanvang van die Britse oorheersing in Suidelike Afrika — om deur die een of ander soort, of mate, van nouer vereniging met Britse Empire, die vryheid van die Afrikanerdom in Suid-Afrika, waar die ookal mag bestaan, hetsy deur lis, hetsy deur goedwillige instemming, aan bande te lê en aan die gesag van Groot Brittanje te onderwerp; waardeur dan die Afrikanerdom in belang van die Brit en Groot Brittanje kan beperk word in sy vrye optrede wat betref vraagstukke van binne- sowel as van buitelandse belang.”

HOOP EN VERTRoue

Genl. Hertzog het in die Smuts-Stallard oorlogsregering 'n voorbeeld van hierdie eerste doodsvyand gesien; hy was egter vol vertroue dat hierdie vyand verslaan sal word. „Wel-

iswaar sal tot verwydering van die eerste oorsaak van kwaad deur my genoem, geen aanvang gemaak kan word solank as wat die oorlog duur nie”, het die generaal verklaar. „Die Smuts-Stallard regime sal dus gedurende die oorlog met sy afbrekwerk voortgaan.

„Solang die jong Afrikanerdom wilsgesond en daadkragtig bly . . . soos die geval was met hom gedurende en ná die Tweede Vryheidsoorlog, en nogeens ná 1915 . . . sal hy in staat gestel word om te triomfeer . . . !

„Die wegruiming dus (van die Smuts - Stallard - oorlogsregering) mag dus met 'n sekere mate van gerustheid en vertroue uitgestel word tot die dag van die vrede.

„Dit mag ewewel nie geskied met die sielododende kanker van twis en volksverdeeldheid waardeur die gehele sielelewe van die Afrikanerdom vandag verpes en verteer word nie.”

PROFETIESE WOORDE

Die tyd het geleer dat genl. Hertzog reg was — in alle opsigte. In die vredesjaar 1948 is die Smuts-regering verslaan — dog ook net verslaan. Die oorwinning was die gevolg van samewerking (Malan - Havenga ooreenkoms); die skraalheid van die oorwinning was onbetwisbaar die gevolg van die H.N.P.-leiding se diskriminasie teen mede-Afrikaners.

Met profetiese woorde verklaar genl. Hertzog dat „as die Afrikanerdom moet gebring word tot 'n toestand van duur-

same herstel en redding dan mag die tweede aartsvyand nie oor die hoof gesien word nie.”

TWEEDE VYAND

„Veel meer dodend dan die vreemdesinde begunstigde vyand in die midde van sy volkslewe, is, vir die Afrikanerdom, die heersugtige partykamer uit eie volk, op soek na eer en eiebelang binne die party.

„Die oorheersing en uitbuiting van die politieke party deur selfsoekers, is vandag die mees skroeierende skandaal in die lewe van die Suid-Afrikaanse party-politiek. En net so gewis as wat dit Frankryk en andere van die mees hoogbeskaafde lande van Europa reeds tot val gebring het, sal dit ook die ondergang wees van die Afrikanervolk en Suid-Afrika, indien nie betyds die Afrikaner daartoe kom te ontwaak nie, om te besef watter vernietigende rol in ons volkslewe vandag, onder die parlementêre party-sisteen deur die politieke party gespeel word. So die Afrikaner nie spoedig ontwaak om in verzet daarteen op te tree nie, staan hom niks anders as ondergang voor die deur nie.”

INSLUK OF AFskIL

Ongelukkig het die tyd geleer dat genl. Hertzog ook reg was — in alle opsigte — ten aansien van die tweede doodsvyand van die Afrikanerdom. Pas ses maande na die saamwerk-oorwinning van 26 Mei het die H.N.P.-leiding 'n nuwe „sielododende twis” teen mede-Afrikaners in die O.B. ontketen. Waarom? Toe die leiers van die Afrikanerparty nie die H.N.P. wou toelaat om hul party in te sluk nie en nie hul beginsels op die H.N.P.-altaar wou offer nie, m.a.w. toe hulle nie aan die amalgamasie-eis van die H.N.P. wou voldoen nie, het die H.N.P.-leiding opnuut 'n onnodige twis met die O.B.-volgelingen van die A.P. ontketen, en eenvoudig geweer om hierdie Afrikaners as volwaardige A.P.-lede te erken.

Insluk of afskil, maar die A.P. moet verdwyn! Heersugtige partykamer, het genl. Hertzog dit in 1942 genoem.

TAAKSTELLING

In sy boodskap het genl. Hertzog verklaar dat hy hom „aan geheel die Afrikanerdom (rig) maar hoofsaaklik tot diegene wat, ewas ek, voel en oortuig is van die noodsaaklikheid dat sonder versuim 'n poging word aangewend tot versameling van alle nasionale Afrikanerkrigte wat sig, afgesien van alle partye en party-invloede en partyoogmerke, gereed voel om in 'n gees van welwillende nasionale toewyding aan die Afrikanerdom en die Afrikanersaak, sig gesamentlik in te span tot suivering van die oorsake van tweedrag waardeur die Afrikanerdom vandag verdeel word, en om deur herstel van onderlinge vertroue, die nog gesonde deel van die Afrikanerdom weereens in 'n hegte band van volkseenheid te verenig.”

Dit wil die O.B. van ganser harte doen.

„DIE O.B.” word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery Bepers, Stellenbosch, vir die elenaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Bepers, Groot Kerk-gebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

Negerkwessie Angel In Truman Se Nuwe Bedeling

'n Nuwe bedeling vir Amerika wat grootskaalse sosiale veranderings, nuwe belastinge, groter ekonomiese beheer, meer burgerlike vryheid vir alle rasse en meer geleentheid vir georganiseerde arbeid in die vooruitsig stel, is deur pres. Harry Truman aangekondig. Deur politieke waarnemers is hierdie toespraak van Truman beskryf as een van die merkwaardigste wat onthou sal word in die Amerikaanse geskiedenis.

Truman het die Kongres gevra om prysbeheer weer in te stel en om die „anti-arbeidswet” van die Republikeine te herroep. Blykens sy toespraak is Truman vasberade om die ekonomiese posisie van Amerika te beveilig en om te verhoed dat die ramp wat Amerika 20 jaar gelede getref het en daarvandaan oor die wêreld versprei het, weer voorkom.

Nie alleen het hy sy oog op die ekonomiese beveiliging nie, maar deur sy buitelandse beleid aan te stip het hy aangedui deur watter optrede hy politieke stabiliteit wil verkry. Ten aansien van hierdie stabilisering moet Amerika die rol van leier vervul, het hy verklaar, omdat die nasies van die wêreld na Amerika opsien vir leiding. Oor die Marshallplan, die Noord-Atlantiese pakt en militêre hulp aan die Westerse moondhede het Truman hom egter nie uitgelaat nie.


NEGERKWESSIE

Truman het beklemtoon dat burgerlike vryheid vir alle rasse uitgebrei moet word. Dit was juis oor laasgenoemde punt dat die Suidelike State voor die presidentsverkiezing van Truman weggebreek het en hulle agter

Thurmond geskaar het omdat hulle gekant is teen toekenning van meer regte aan die negers wat in die Suid saamgetrek is.

In die uitvoering van sy beleid om meer regte aan die negers toe te ken, sal Truman hardnekkige weerstand in die Suid ondervind. Gedurende die afgelope presidentsverkiezing het die Thurmond-groep vir die eerste keer vier state saam met hulle gesleep waar dit vroeër hoofsaaklik tot een staat beperk was. Politieke waarnemers meen dat hierdie houding van die Suid, wat soos die nasionale blok in Suid-Afrika apartheid voorstaan, die begin is van 'n nuwe wegbreek van die ou instellings van die Demokratiese party.

Uit Truman se toespraak wil ook deurskemer dat hy nog van oortuiging is dat hy met Rusland tot 'n ooreenkoms kan raak soos hy reeds voor die presidentsverkiezing probeer het en wat op 'n vernedering en mislukking uitgeloop het. Blykbaar het Truman nog nie die les van pres. Roosevelt geleer wat geglo het dat hy Stalin deur sy persoonlikheid kon wen vir die lewensbeskouing van die Weste — 'n poging en veronderstelling wat op niks uitgeloop het nie.



DIE GERIEFLIKE WELDON-STEL

Hierdie pragtige Slaapkamerstel is spesiaal ontwerp vir plattelandse kliente en is van so 'n aard dat dit praktiese oorwegings met goeie smaak verenig.

Die Dameshangkas is 4 vt. breed, wat met rakke en hangruimte toegerus is. Die Manshangkas is 3 vt. 3 dm. breed en volledig toegerus met skoenrak, broekrak en skuiflaale. Spieeltafel van 3 vt 6 dm.

KONTANTPRYS: £43/2/-

Voorwaardes: Deposito van £5/12/0 en 24 maandelikse paalemente van £1/17/6.

VERPAKKING GRATIS — VRA OM ONS KATALOGUS — ONS IS BEREID OM SPOORVRAG VOORUIT TE BETAAL VAN ONS KANT AF INDIEN U DIT VERLANG.

Die voordeligste vir enige man

is Morkel se Afbetalings Plan

Phil Morkel

★ LANGSTRAAT 105 KASTEELSTRAAT 23
GROOTE KERK-WANDELGANG KAAPSTAD
POSBUS 2721 OOK BELLVILLE EN PAARL

SODRA RUSLAND ATOOMBOM MAAK BEGIN OORLOG

Die rede waarom Rusland nie meer aggressief na die beëindiging van die oorlog opgetree het nie, ten spyte van die uitdunning van die Britse en Amerikaanse militêre eenhede, is omdat Rusland nog nie oor die atoombom beskik nie. Die Kommuniste sal waarskynlik teen Junie 1949 of bietjie later ook atoombomme gereed hê, skryf Review of World Affairs.

Maar of dit nou ook in 1949 of in 1959 is, sal nie saak maak nie, solank as dit die voorneme van die Westerse moondhede bly om niks te doen solank hulle die voorsprong bo Rusland het nie.

Hoewel Brittanje nou slegs oor 'n handjievol bomwerpers beskik, verleen die Amerikaanse atoombom 'n groter slaankrag aan die Anglo-Amerikaners as aan al die Russiese eenhede saam. Dit is slegs hierdie feit wat die oorsaak is dat daar vandag nog vrede is. As die tyd egter aanbreek dat Rusland in staat is om die bom te vervaardig, sal dit 'n drastiese verandering in die situasie teweeg bring.

KORTSTE END

Wanneer altwee partye in besit is van die bom, so meen deskundiges sal die krag van die wapens tot 'n groot mate gneutraliseer wees sodat dit sal beteken dat die Weste in terme van ander wapens met Rusland sal moet meeding en in hierdie opsig sal hy aan die kortste

end wees. Rusland het 'n kragtige weermag opgebou wat bestaan uit vinnige langafstand duikbote, 'n strategiese lugmag (sy Noordpool-lugmag is die beste in die wêreld) en beskik verder oor loodslose projektiële, tenks, ens. Daarby is sy manier van politieke oorlogsvoering ongeëwenaard, verklaar die blad.

Uit drie verskillende bronne word berig dat Rusland waarskynlik teen die middel van die jaar in staat sal wees om 'n atoombom te produseer. Dit is die verwagting van die Russiese leiers.

Wanneer Rusland eers oor die atoombom beskik, sal hy sonder twyfel voor die dag kom met groter eise. Hy sal waarskynlik sy aandag eerste aan Persië, Irak en Turkye skenk om daar meer voorregte te verkry. Eise ten opsigte van Noord-Afrika sal dan volg.